

Hoofstuk van die dag: Johannes 13

> *Maar Petrus sê vir Hom: “U sal in alle ewigheid nooit my voete was nie!” Daarop sê Jesus vir hom: “As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie.” (vers 8)*

Hoekom het Jesus sy dissipels se voete gewas?

Jesus het dit gedoen om aan hulle ’n voorbeeld te stel van nederigheid – dat niemand té belangrik is om sy naaste te dien nie (vers 14-15). Jesus wys hiermee wat ware navolging van Hom beteken: om mekaar te dien, en nie te wag dat andere óns moet dien nie.
Daar is nog ’n rede: Jesus het daardeur vir hulle verduidelik wat sy kruisdood beteken – Hy sou sterf om sy dissipels te dien, om hulle met sy eie bloed skoon te was.
En as Petrus – soos ons ook seker sou voel – te trots is om Jesus toe te laat om sy voete te was, sê die Here vir hom: Petrus, net hy wat sy trots in sy sak steek en besef hy het My nodig, net hy het deel aan My.
Net hy wat toelaat dat die Here hom dien, hom skoon was, net hy sal ook andere waarlik kan dien. Net hy wat werklik uit die Here Jesus se genade leef, sal ook die genade kan uitleef.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026